Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 24 Julie 1946. No. 35.

# Brood Word Mandjiesvol In See Gegooi

## SKANDAAL IN UNIE-HAWENS

***Onderwyl naturelle-dokwerkers in Kaapstad se hawe flou word van honger terwyl hulle werk, en inwoners van Kaapstad daagliks lang toue vorm om brood in die hande te kry, gooi matrose elke dag mandjiesvol brood in die see en versamel arbeiders wat die dokke moet skoonhou halwe witbrode in hul vuilgoedmandjies wat deur die matrose uit die skepe gegooi word.***

Amptenare verbonde aan die hyskrane vertel dat dit vir hulle 'n gewone gesig is om groot stukke brood in die see te sien dryf wat na elke ete in die see gegooi word. Hulle het opgemerk dat die seevoëls wat in die hawe hou, gereeld wanneer dit naasteby etensuur is, om die skepe begin draai omdat hulle weet dat daar kos uitgegooi word.

Hawepolisie vertel dat hulle aanskou hoe matrose stukke brood wat effens hard geword het met hul voete in afvalmandjies trap om dit in te kry, en dit dan oor boord in die see gooi. Toe hulle daarop gewys is dat hulle dit liewers vir die naturelle moet gee, het hulle verklaar dat dit te groot moeite is.

**TEVERGEEFS**

Naturelle-dokwerkers het aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar dat hulle die matrose wat brood in die see gooi versoek het om dit aan hulle te gee, maar sonder gevolg. Hulle moes maar aankyk hoe mandjiesvol brood in die see gegooi word. Hierdie naturelle ontvang as hulle gelukkig is 'n half pond broodjie per dag. Blanke werkers het meegedeel dat die naturelle elke dag die broodkar dophou wat die kafee in die nabyheid van die hawe besoek. Hulle gooi hul werk dan net so neer en storm op die kafee af. Die helfte draai gewoonlik met leë hande om.

**WIT BROOD**

'n Vroue-passasier op een van die skepe wat die lang broodtoue in Kaapstad gesien het, het 'n mandjievol van die witbrood wat die skeepskombuis elke dag weggooi, geneem om dit aan een van die tehuise in Kaapstad te gee. Die amptenare by die doeanekantoor het egter bevele om niemand met brood, en veral nie wit brood deur die hekke te laat gaan nie. Sy was verplig om die brood maar aan die naturelle-arbeiders in die dokke uit te deel, wat maar te gretig was om dit te ontvang.

'n Senior-amptenaar het verklaar dat dit gedoen word omdat daar 'n verbod op die verbruik van witbrood in die land is en daar gevrees word dat die

(Vervolg in kol. 1)

# Luukse Persgebou Van „Proletariers"

Die Communist Daily Worker bevat 'n berig waarin met trots verklaar word dat die mees gelese nuusblad in Frankryk L'Humanité, orgaan van die sentrale komitee van die Franse Kommunistiese party is. Behalwe dit publiseer die Kommunistiese Party twaalf ander dagblaaie en sewentig weeklikse tydskrifte. Daar word geskat dat die daaglikse sirkulasie van die tydskrifte wat deur die Kommuniste beheer word, ongeveer 2 miljoen eksemplare beloop.

L'Humanité is gevestig in 'n groot gebou met ses verdiepings, lui die berig. Dit is luuks en mooi gebou met houtpanele in die kantore en sale. Dit is gemeubileer met moderne en luukse meubels. Die kantoor van kameraad Marcel Cachin, redakteur van die blad, is uitgelê met 'n dik Oosterse tapyt. Sy kantoor het pragtige leerarmstoele en kunstige versiersels op die marmer skoorsteenmantel.

En dan sê hulle kommunisme is anti-kapitalisties! Dit ontsien selfs nie die armoede waaronder Frankryk tans gebuk gaan om met sy eie weelde te spog nie!

# Skip se Wonderoog



Die Radar-apparaat op 'n Amerikaanse kruiser wat die skip in staat stel om naderende vliegtuie en duikbote te „sien" terwyl hulle nog buite bereik van die gesig is. Dit het die vorm van 'n groot spinnerak en is 17 voet in deursnee. Dit vang die radio-golfies wat van die naderende vliegtuie weerkaats word, op waardeur 'n beeld van die vliegtuig op 'n doek gegooi word. Met hierdie „oog" kan skepe deur digte mis en die nagtelike duister hul pad „sien".

(Vervolg van kol. 5)

matrose 'n swartmark in brood met die kleurlinge sal ontwikkel.

**ONWETTIG**

Tydens die oorlog is 'n regulasie ingevoer wat bepaal dat alle voorrade wat besoekende skepe nie meer vir eie gebruik nodig het nie wanneer hulle vars voorrade in die Unie-hawens inneem, aan die staat oorhandig moet word. Dit skyn egter of hierdie regulasie nie toegepas word nie.

Blykbaar tref die regering geen maatreëls om die kos af te haal nie, ondanks dat die bedoeling van die regulasie was om sulke kos vir die gebruik van diere beskikbaar te stel wanneer dit nie meer vir menslike gebruik geskik is nie.

Verantwoordelike amptenare wat in verband met die skandaal genader is, het as verskoning aangebied dat mens nie graag teen onderdane van 'n vreemde moondheid optree nie.

**EIE BOESEM**

Hierdie vermorsing van skaars voedsel, waarteen die regering se propaganda elke aand oor die draadloos waarsku, is egter nie net tot vreemde skepe — wat nogtans onder die Unie-wet staan solank hulle binne die hawens is — beperk nie. 'n Kleurling wat een van die vuilgoedwaens bestuur, het aan die verteenwoordiger van die Die O.B. meegedeel dat brood op groot skaal by die opleidingskwartier van blanke matrose vermors word. Hy tel paraffienblikke vol brood daar op wat hy aan die honger naturelle uitdeel.

# S.A. Polisie Kwyt Hul Goed van Hul Taak

Die Suid-Afrikaanse polisie het weer gedurende die afgelope jaar getoon dat hulle nie nodig het om terug te staan vir enige buitelandse polisiemag nie en dat hulle in staat is om wet en orde te handhaaf. Nieteenstaande die geweldige tekort aan amptenare het hulle uitstekende diens gelewer en gesorg dat oortreders aan die man gebring word vir hul dade.

Hoewel die misdaadgolf oral in die land hoogty gevier het en in Kaapstad sewevoudig vermeerder het, is daarin geslaag om soveel as 93 persent van die ernstige misdade wat by die polisie aangemeld is, op te los en die misdadigers aan die pen laat ry. Gedurende 1945 is daar nie minder nie as 1,469 moorde behalwe die 297 gevalle wat deur die hof as strafbare manslag uitgewys is, by die polisie aangemeld. Hiervan is slegs 6.5 pst. nie opgelos nie.

Die Cape Argus het onlangs in 'n hoofartikel verklaar dat die Suid-Afrikaanse polisie maar sleg afsteek by die Engelse polisie wat sulke uitstekende diens sou lewer. Nie lank nadat die blad van hierdie ongegronde aanstoot ontslae geraak het nie, het hy 'n berig geplaas waarin gemeld word dat daar soveel as 23 „betreklik onlangse" moorde by Scotland Yard nog onopgelos lê. Dit is 'n rekord van onopgeloste moorde, word verklaar.

'n Konstabel van die S.A.P., wat so pas uit Amerika teruggekeer het waar hy ook 'n studie van die V.S.A. se polisiediens gemaak het, het verklaar dat hy nooit gevoel het dat die Suid-Afrikaanse polisie by die Amerikaners hoef agteruit te staan nie. Hy het verklaar dat wat ondersoekwerk betref, hulle die gelyke van die Amerikaners is en wat dissipline en netheid betref, ons die Amerikaners ver voor is.

**GELD VIR DIE KONING:**
Die negedaagse besoek van die Engelse koning aan Pretoria sal die belastingbetalers van daardie stad nie minder as £17,000 kos nie. Dit werk uit op £80 per uur.



Vir swakkelinge is die lewe 'n las!! Vir sterk ontwikkelde manne is die lewe 'n genot! U KAN OOK 'N STERK ONTWIKKELDE MAN WORD, AL IS U NOU 'N SWAKKELING. (U ouderdom is geen hindernis nie).

Skryf om gratis besonderhede aan:

JOHAN HEFER,
Hefer Instituut vir Gesondheid en Liggaamsontwikkeling,
Posbus 3494 — KAAPSTAD.
Stuur my asseblief verdere besonderhede omtrent u kursusse gratis.

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................

..........................................

# Joodse Swaartepunt Het Na Rusland en V.S.A. Verskuif

**'n Onbevooroordeelde en wetenskaplike ondersoek na die status van die Wêreld-Jodedom is vervat in 'n uitgawe van die Joodse blad Sentinal in Chicago. Dit is gedoen deur dr. Oscar Karbach.**

Dr. Karbach verklaar dat die sistematiese na-oorlogse beplanning 'n getroue weergawe is van die Joodse wêreld waarin hulle voortaan sal moet leef. **Dit moet nie alleen rekening hou en gebaseer wees op die droewige skatting van hul verliese nie, maar dit moet ook rekening hou met die verskuiwing van hul swaartepunt.**

**Hy verklaar dat daar 'n verrassende ooreenkoms tussen die geografiese verdeling van die Joodse massas en die verdeling van mag in die na-oorlogse wêreld bestaan. „Die Jodedom het nou ook twee ysllke „Grotes". Van elke twee Jode wat die tragedie van die afgelope jare oorleef het, is een in Amerika. Hoewel die Joodse bevolking in Rusland geweldig verliese gely het, sal die twee leidende moondhede in die wêreld (V.S.A. en Rusland) nou ongeveer 70 persent van die Joodse bevolking huisves."**

Die blad publiseer 'n afdruk van 'n foto met die byskrif: „Kensketsend van die groeiende eenheid tussen die twee grootste Joodse gemeenskappe in die wêreld is hierdie foto van Joodsse klerewerkers in Amerika wat oortyd werk om klere vir die Russiese leër te vervaardig".

Dr. Karbach verklaar verder: „Die spesiale Joodse politieke platforms in Europa is iets van die verlede — met die uitsondering van Roemenië, en moontlik Hongarye, kan die intensiewe samewerking van die Franse en Joodse Jodedom nuwe stimulerende invloede bybring.

**OORSKOT IN VRYSTAAT:** Die Vrystaatse Provinsiale administrasie het die afgelope boekjaar afgesluit met 'n oorskot van £129,000 in plaas van £15,000 soos verlede jaar beraam is. Die geraamde oorskot van die volgende boekjaar is £204. Dit is so laag omdat daar rekening gehou word met die hoë uitgawe wat verbonde is aan die mynontginning in die provinsie.

## *Italianers Gaan Almal Terug*

Die regering is van voorneme om alle Italianers wat gedurende die oorlog as krygsgevangenes in Suid-Afrika vertoef het, ooreenkomstig die Konvensie van Genève na Italië te repatrieer. Daar is tans nog meer as 17,500 Italianers in die land. Verlede maand is 1,800 Italianers in drie groepe gerepatrieer. Uit die talle aansoeke wat ontvang is om in Suid-Afrika te bly, blyk dit dat die Italianers nie baie gretig is om die land te verlaat nie. In baie gevalle is hierdie aansoeke deur werkgewers in die Unie ondersteun. Toe die repatriasie onlangs begin het, het baie Italianers versoek dat hul name aan die end van die lys geplaas moet word ten einde nog langer in die Unie te mag vertoef.

Genl. Smuts het onlangs in Rome verklaar dat hy geen beswaar het teen die immigrasie van nie-Fascistiese Italianers na Suid-Afrika nie. Hy het verklaar dat daar boekgehou is van diegene wat moontlik in Suid-Afrika toegelaat kan word.

# Vryheidstryder Heen

### *WYLE MNR. W. C. VAN WYK.*

Andermaal is 'n skakel van ons roemryke volksverlede verbreek, met die heengaan op 5 Julie van Vryheidsoorlog-veteraan en Bittereinder WILLEM CHRISTOFFEL VAN WYK, van Kafferskraal, naby Zeerust, en vader van jeugkommandante mevrou M. G. Kilian van Middelburg, Transvaal, ná 'n korte maar pynlike lyding van enige dae, wat hy dapper gedra het.

Van geweldige belangstelling. Hoofgeneraal Tienie Smith, wat 'n laerstrek naby Zeerust gelei het, en 'n intieme vriend van die oorledene was, het namens die Kommando van daardie Gebied 'n roerende roubeklag wat deur die laertrekkers geneem is, na die begrafnis gestuur.

Hy laat 5 seuns en 2 dogters na en 'n wye familie en vriendekring.



**Wyle mnr. W. C. van Wyk en sy gade (gebore A. C. Venter) wat vir vryheid en reg geveg en gely het.**

Hy is op 9 Januarie 1869 gebore op die ou Voortrekkerplaas Kafferskraal, en het deelgeneem aan die veldtog teen Jameson, as brandwag. Dwarsdeur die Tweede Vryheidsoorlog het hy in die veld gebly tot die bitter einde toe.

Die kwaal wat hom na sy graf gesleep het, het hy nog gedurende die Vryheidsoorlog deur 'n koue opgedoen, en hoewel dit hom nooit neergetrek het nie, het dit sy einde eensklaps gebring.

**Sy gade, wat hom reeds in 1939 vooruitgegaan het, het dwarsdeur die oorlog met haar kindertjies en andere voor die vyand uit rondgeving, om die gevreesde Moordkampe te ontwyk.**

Hy was 'n getroue volgeling van wyle genl. Hertzog, en 'n oortuigde Ossewabrandwag. Hy was 'n stil, diepe Christen, en opregte mens. Soos hy gelewe het, so het hy gesterwe.

Hy is op Sondag, 7 Julie, in die ou familiekerkhof op Kafferskraal begrawe, onder blyke

## *Pakkies Gaan Nie Regstreeks Na Europa*

**Dit is tans nog nie moontlik om pakkies uit die Unie regstreeks aan persone in die noodlydende Europa te stuur nie. Dit kan alleen met 'n omweg deur Amerika gestuur word.**

Wat wel toegelaat word is dat pakkies aan verskeie liggame in Suid-Afrika gestuur word wat sal sorg dra dat dit aan die mense wat die grootste behoefte daaraan het, uitgedeel word. Pakkies kan aan die volgende verenigings gestuur word:

Die Friends Relief Society van die Kwakers, Posbus 1460, Kaapstad, of posbus 7250 Johannesburg; die Duits-Afrikaanse Hulpvereniging in Johannesburg en die Kaaplandse Noodlenigingsvereniging wat met laasgenoemde geaffilieer is. Die adres van die Kaaplandse vereniging is: mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

Hierdie verenigings onderneem nie een om pakkies na bepaalde persone te stuur nie, maar sal sorg dat die pakkies aan persone wat hulp die nodigste het, uitgedeel word.

# Voer Nog Maar Suiker Uit Ondanks Ontkennings

**Hoewel 'n plaaslike Engelse blad onlangs aangekondig het dat daar geen skaars voedselsoorte in die voedselpakkies wat lojale Britte aan hul Engelse vriende in Engeland stuur, ingesluit word nie, word suiker wat gedurende die afgelope maande die nagmerrie van elke huisvrou was, nog steeds by hierdie pakkies ingesluit.** Ondersoek het aan die lig gebring dat daar minstens nog een lojale firma in Kaapstad is wat soveel as 'n pond suiker meer as wat die gewone publiek oor die toonbank kan koop in voedselpakkies wat vir die Verenigde Koninkryk bestem is, ingesluit word.

In aanwesigheid van 'n verteenwoordiger van Die O.B. het verskeie persone agtereenvolgend om suiker oor die toonbank by hierdie winkel gevra; aan elkeen is gesê dat hulle nie suiker het nie of dat hulle net aan klandisie suiker verskaf.

As jy egter oorstap na die bestellingstoonbank vir oorsese pakkies en 'n adres in gedrukte etiket invul, word 'n pond suiker met 'n vriendelike glimlag in die pakkie ingesluit wat na daardie adres gestuur word. 'n Gesin in Brittanje is dus vandag in staat om meer suiker uit Suid-Afrikaanse winkels te bekom as wat die huisvrou in Kaapstad op een slag kan kry.

**STROOP IN TEE**

Inwoners van Kaapstad is al gewoond om wanneer hulle in kafees in Kaapstad instap, teen 'n kennisgewing vas te kyk wat die publiek versoek om spaarsaam met suiker te werk te gaan. Klerke wat op kantore verantwoordelik gehou word om tee of koffie te maak, word gedwing om stroop in die tee te gooi vir suiker. Wanneer huisvroue voedsel vir hul huisgesinne voorberei, dra hulle sorg dat hulle nie kos of lekkernye maak waar suiker in kom nie, omdat hulle nie het om te gebruik nie. Gedurende die afgelope vrugteseisoen kon boervrouens nie vrugte inmaak weens die gebrek aan suiker nie. Nogtans word suiker onoffisieel deur middel van voedselpakkies uitgevoer op onbeperkte skaal.

Suiker is volgens die aankondiging van die Direktoraat van Voedsel een van die eerste voedselsoorte wat gerantsoeneer sal word.

Sal die rantsoenering ook van toepassing wees op die Britte in Engeland wat pakkies uit Suid-Afrika ontvang?

## *Groentesmouse In Bek Geruk*

Die veldtog wat in Kaapstad teen die hoë pryse wat die venters en kleinhandelaars vir die groente wat hulle spotgoedkoop van die boere koop, geloods is, het tot gevolg gehad dat daar meer mobiele voedselwaens wat groente teen redelike pryse aan die publiek lewer, in diens gestel is. Hierdie voedselwaens lewer die groente meer as die helfte goedkoper as die venters. Huisvroue het die voedselwaens so toegeloop dat die venters en groentehandelaars verplig was om hul pryse aansienlik af te bring.

Die voedselwaens wat eers onder die Departement van Volkswelsyn geressorteer het, staan nou onder die doeltreffende bestuur van die Direkteur van Voedsel, dr. H. J. van Eck.

# Kommuniste Hits Nie-Blankes Op Tot Gesamentlike Optrede

Dit het gedurende die afgelope week duidelik geblyk dat die Indiërs in hul veldtog teen die Indiërwetgewing die heelhartige steun van die Kommunistiese Party geniet. Blanke sowel as nie-blanke leiers van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika het hierdie houding openbaar.

Op 'n vergadering van Indiërs wat verlede week in Kaapstad gehou is, het die Kommunistiese leier, Harry Snitcher, verklaar dat dit hoog tyd is dat „die vooruitstrewende blankes van die land aan die wêreld bekend maak dat die meeste blankes in die land ook teen die Indiërwetgewing gekant is."

„Die stryd van die Indiërs is die begin van die stryd van die onderdrukte klasse in die land teen hul heersers," het hy verklaar.

**'n Ander Kommunistiese spreker, 'n naturel, Moses Kotane, sekretaris van die Kommunistiese Party, het 'n verenigde front van alle nie-blankes in die land in die vooruitsig gestel. Hy het verklaar dat alle naturelle binne drie maande hul stryd teen die paswette sal begin en dat hierdie stryd sal aansluit by die stryd van die Indiërs. Deur eenheid, so het hy verklaar, sal die reaksionêre magte in die land verslaan word.**

Hy het verklaar dat die Kommunistiese Party sy volle ondersteuning aan die stryd van die Indiërs gee.

### BOERE SE VERSOEK OM OPTREDE

'n Besluit waarop aangedring word dat stappe teen Indiër- en ander agitators geneem word wat die naturelle aanhits om hulle passe op te skeur en dat sodanige agitators gedeporteer moet word, is deur die boerevereniging van Waschbank, Natal, geneem. Dit sal dien as beskrywingspunt op die Natalse landboukongres wat op 10 September in Pietermaritzburg gehou word.

'N GOEIE ROMAN
ELKE MAAND
Ons het genoeë om aan te kondig dat ons Biblioteekskema weer vanaf September voortgesit word.
TEKEN IN OP DIE PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK EN ONTVANG ELKE MAAND 'N GOEIE BOEK TEEN 'N KORTING VAN 15 PERSENT.
Reeds verskyn:
EERS DIE KONINKRYK
deur H. J. M. Redelinghuys
7/10.
Vra om verdere besonderhede by:
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Bus 29 Stellenbosch

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

# Unie Help Brittanje Sluk aan V.S.A se Leningvoorwaardes

**'n Ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Bank van Engeland, waarvolgens die Reserwebank gedurende die jare 1946-1947 minstens £80 miljoen goud per jaar — of vier-vyfdes van ons goudopbrengs — aan die Bank van Engeland moet verkoop, is verlede week bekend gemaak net na goedkeuring van die Amerikaanse lening aan Brittanje. Dit het ten doel om die sterlingblok wat kragtens die voorwaardes van die Amerikaanse lening moet verval, tussen Suid-Afrika en Engeland te bestendig. Met hierdie ooreenkoms behou Engeland sy houvas op ons ekonomiese lewe.**

Die ooreenkoms is van terugwerkende krag en geld vanaf 1 Januarie 1946. In hierdie periode sal Engeland die grootste deel van ons goudopbrengs koop teen 172s. 6d. per ons fyn goud. Die Bank van Engeland sal dan die buitelandse betaalmiddels wat die Unie nodig het, verskaf. **Dit beteken dat wanneer die Unie aankope in Amerika wil doen, hy die geld by Engeland moet gaan vra en dit nie regstreeks by Amerika kan koop nie.** Op hierdie wyse hoop Engeland dat hy genoegsame hoeveelhede Amerikaanse dollars wat hy broodnodig het, in die hande sal kry.

### NOG MEER

Dat die ooreenkoms tussen die Reserwebank en die Bank van Engeland net ná die toesegging van die Amerikaanse lening gemaak is, is nie toevallig nie. Daar kan verwag word dat daar meer sodanige ooreenkomste tussen Engeland en die ander dominiums bekend gemaak sal word, wat ten gunste van Engeland sal wees.

Hoe die saak in die praktyk sal werk, word aangetoon in die Britse Financial Times. **Die blad verklaar dat sommige mense meen dat dit die einde van die sterlingblok sal beteken, maar in die praktyk sal dit nie die geval wees nie. In die toekoms, so verklaar hierdie blad, sal die Unie se aansoeke om dollars voorafgegaan word deur oorlegpleging met Engeland.**

### LIEFDE

Dit is baie duidelik dat Engeland reken op inskiklikheid van die Unie ten opsigte van sy finansiële posisie. Die blad verklaar dat „daar geen rede is om aan te neem dat die regering van die Unie in die toekoms sonder enige inagneming van Brittanje se dollarposisie daarop sal staan dat die sterlingopbrengs van sy goudverkope in dollars omgeset word nie".

Die Reserwebank is teoreties vry om die goudopbrengs bo £80 miljoen te verkoop waar hy wil, maar om te voorkom dat die Unie sy goud aan iemand anders as aan die Bank van Engeland verkoop, is die prys wat Engeland sal betaal met 3d. per ons goud verhoog. As gevolg hiervan sal dit winsgewender wees om ons goud aan Engeland te verkoop.

**Afgesien van hierdie besigheidsvoorsorgmaatreël het Engeland nog die veilige dekking van Suid-Afrikaanse lojaliteit wat vir hom die grootste waarborg is teen enige nadelige uitwerking wat die Amerikaanse leningvoorwaardes mag hê.**

**SPESIALE HOF:** Die Minister van Justisie is van plan om 'n spesiale hof te benoem om die nie-genaturaliseerde Duitser, Neuman, wat ter strafsitting verwys is op aanklag van hoogverraad, te verhoor. Hy het gedurende die oorlog by die Uniemagte aangesluit en is in Europa in hegtenis geneem met die bewering dat hy hulp aan die koning van Engeland se vyande verleen het.

# Pryse se Beheer Gedeeltelik Opgehef in V.S.A.

Die Amerikaanse senaat het 'n wet aangeneem waarby die prysbeheer oor vleis, graan, pluimvee, eiers, baie ander suiwelprodukte, sojaboontjies, petroleum en baie ander artikels opgehef word, na Reuter berig. Dit wet wat so pas aangeneem is, is 'n verwatering van die een wat pres. Truman 'n paar weke gelede geveto het.

Die Amerikaanse publiek is begaan oor die gedeeltelike opheffing van die prysbeheer omdat dit sal beteken dat die prys van die lewensmiddele onmiddellik in die hoogte sal styg.

Die finansiële krisis in Amerika sal sy uitwerking ook op Suid-Afrika hê. As gevolg van die prysstyging in Amerika sal die Unie duurder vir sy aankope in Amerika moet betaal.

Die Amerikaanse publiek is tans op 'n verbruikerstaking teen die stygende pryse van voedselware, berig Sapa-Reuter. In New York het 'n komitee wat 70 liggame verteenwoordig, 'n beroep op die inwoners van die stad gedoen om 'n koopstaking te begin. Alle moontlike kragte word ingespan om die mense te beweeg om nie te koop nie. Sommige handelaars het self die publiek versoek om nie by hulle te kom koop nie. — (Sapa-Reuter.)

# Is Daar Tussen Britse Versaking van Pole En Jode Verband?

**Hitler was dan die groot boos-wig uit wie se kloue die Jode deur 'n wêreldoorlog gered moes word. As Hitler eers verslaan was, sou geregtigheid en die Jode weer terugkeer in Europa. Nou word berig dat die toestand vir die Jode in Pole — in wie se belang die oorlog juis verklaar is — nou so onhoudbaar geword het dat hul enigste redding daarin lê dat hulle die land moet verlaat. Die berig lui dat die Jode glo dat anti-Joodsheid in Pole onder beheer uit geraak het en dat hulle die land gaan verlaat.**

Daar word aan toegevoeg dat van 4,000,000 Jode wat voor die oorlog in Pole gewoon het nog net 150,000 in die land oorgebly het.

**En die oorlog is dan gewen en Hitler is dood?**

### VERPOSING

Die Jewish Voice, 'n Joodse blad wat in Amerika uitgegee word, deel een en ander mee van die vervolging wat die Jode nou in Pole ondervind van die kant van die burgerlike bevolking — die staat self, wat in hande van die kommuniste is, doen alles in sy vermoë om die Jode te beskerm.

**Die berig lui dat die anti-Joodse gevoel vir 'n kort tydjie verdwyn het toe die Russiese Rooi Leër aangerol het. Toe skielik het dit weer opgevlam van die Oossee tot aan die voet van die Karpate.** Die eerste minister, Moskou se handlanger, het geskrik en 'n perskonferensie belê as gevolg waarvan al die koerante 'n beroep op die bevolking gedoen het om anti-Joodse elemente te verwerp. Dit het geen uitwerking gehad nie en Jode is oral te lyf gegaan.

### DOODSTRAF

Die Poolse regering het daarop 'n dekreet uitgevaardig wat aanrading op Jode 'n krygswet-oortreding maak wat met die dood of lewenslange gevangehouding strafbaar is, sonder reg van appèl. Maar ook dit was nie genoeg om die volksgevoel tot bedaring te bring nie.

Tot sover die berig.

Daar is baie mense wat glo dat die oorlog teen Duitsland hoofsaaklik as 'n weerwraak van die Jode teen Hitler ontbrand het. **Indien so, kan hierdie optrede van die Poolse volk teen die Jode 'n verdere verklaring bied waarom Pole, vir wie se onskendbaarheid Engeland tot die oorlog teen Duitsland toegetree het, met soveel gelatenheid aanskou het hoe Rusland die helfte van daardie land geannekseer het en die ander helfte deur 'n kommunstiese handlanger-bewind laat teister.**

### RUSSIESE BELOFTES

Ten einde die simpatie van die Duitse volk voor die munisipale verkiesing te wen, het die kommunisties-beheerde Sosialistiese Party in die Russiese besettingsgebied aangekondig dat die Russiese owerheid dit oorweeg om meer voedsel aan die Duitsers af te staan. Om nog meer krag by te sit, het hulle bekend gemaak dat die Russe ingestem het om gedurende die eerste drie maande 120,000 Duitse krygsgevangenes uit Rusland na hul tuistes te laat terugkeer.

Die verkiesings vind gedurende die Augustus plaas.

# Gooi Banknote In Straat Weg

**Inflasie vier hoogty in Hongarye. In Budapest bejeën rykes sowel as armes 'n noot van biljoen pengo's met veragting. Mense steek hul sigarette met note ter waarde van miljoene pengo's op. Straatveërs versamel elke dag banknote op straat wat vroeër waardevol was. Die waarde van die note verander by die uur.**

**As iemand geld in die hande kry moet hy hardloop as hy iets wil koop uit vrees dat die waarde van die geld sal verminder.**

**Dit is dieselfde toestand wat na die vorige oorlog in Duitsland geheers het.**

# Boere Moderniseer Hul Gereedskap

## Masjinerie Egter Skaars

**Die Unie ondervind tans 'n lastige tekort aan plaasgereedskap. Ditrekte invoerders van plaasmasjinerie het verklaar dat hulle lang waglyste van boere het wat hoop om trekkers en ander swaar masjinerie te kry. Daar bestaan egter nie veel hoop dat hulle nog gedurende hierdie jaar geholpe sal raak nie omdat die invoerders sulke klein kwotas van oor see ontvang dat hulle slegs 'n geringe gedeelte van die bestaande vraag kan bevredig.**

**Handelaars verklaar dat daar gedurende die afgelope paar jaar 'n algemene neiging by boere ontstaan het om hul plaasgereedskap te verbeter.** Aansoeke om trekkers het geweldig toegeneem. Dit moet toegeskryf word aan die goeie pryse wat die boere vir hul produkte ontvang en wat in verhouding baie meer gestyg het as die pryse van plaasgereedskap.

Invoerders het lang bestellingslyste reeds baie maande aan oorsese fabrikante gestuur. Hiervan het hulle nog slegs 'n beperkte hoeveelheid ontvang. Een firma het gedurende die afgelope twee maande slegs 26 trekkers ontvang. Dit is onmiddellik verkoop. 'n Groothandelaar het verklaar dat hy tot dusver gemiddeld net 30 persent van sy oorsese bestellings ontvang het. Ander firmas in Kaapstad het net 10 persent ontvang.

### STAKINGS EN HUISE

Hierdie tekort aan plaasmasjinerie moet nie alleen gewyt word aan die Amerikaanse stakings nie, maar ook aan die groot behoefte aan masjinerie wat daar in Europa bestaan. **Dit word dikwels uit die oog verloor dat die Amerikaanse woningsnood ook veel daartoe bydra om die produksie te vertraag. 'n Invoerder wat Amerika besoek het, het verklaar dat daar nie vir die baie duisende geskoolde arbeiders wat uit die leër ontslaan is, wonings in die nabyheid van hul vorige fabrieke is nie.**

Verskeie soorte masjinerie wat gedurende die oorlog skaars was en waarvoor 'n geweldige vraag bestaan, is tans weer verkrygbaar. Dit was haas nie moontlik om roomafskeiers en windpompe van buitelandse fabrikaat in die hande te kry nie. Hierdie twee soorte is vandag weer volop.

## FUNKSIES

### 25 JULIE

Die Seepuntse vroue-kommando hou 'n buffet-ete aan huis van hfkomdt. J. de V. Truter, Torbyweg, Groenpunt, op Donderdag, 25 Julie van 6 tot 9 nm. (en nie op Vrydag, 26 Julie, nie). Die kaartjies vir die ete is te koop by die O.B.-Vriendskapsentrum, sesde verdieping, Groote Kerkgebou. Almal is hartlik welkom.

### IN KOMITEEKAMER

Die Christiaan de Wet-kommando, Brooklyn, is nog steeds besig met pogings om fondse in te samel vir 8 Augustus. Met hierdie doel voor oë hou hulle op Vrydag, 26 Julie, 'n verkoping in die Komiteekamer, Groote Kerkgebou, van 11.30 vm. — 2.30 n.m. Daar sal heerlike warm sop met brood, pannekoek en koffie, en ook tuisgemaakte wors te koop aangebied word.

### BELLVILLE

Die Boerejeug van Bellville bedien op Saterdag, 27 Julie, 'n koue ete in die Biblioteeksaal, Bellville, van 6 tot 7.30 nm. Na die afloop van die ete word daar volkspele gespeel. Almal is hartlik welkom.




DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

*SPAAR MOLITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen*

*• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)*

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)

DIE O.B., WOENSDAG, 24 JULIE 1946.

# Misplaaste Liefde

Suid-Afrika het 'n baie duur prys betaal om die wêreld te help bring in die toestand waarin hy vandag is. Dit het ons aan regstreekse oorlogskoste oor die £500,000,000 gekos, aan lewens by 'n 10,000 en aan algemene ellende en hongersnood 'n magdom wat nog steeds besig is om in 'n proses van samegestelde rente toe te neem. Wat is daarmee bereik?

Een van die belangrikste resultate — na die vernietiging van Duitsland — is dat daar 'n wêreldorganisasie tot stand gebring is as waarborg vir ewigdurende vrede. Vir hierdie organisasie het genl. Smuts, wat hom so vir die oorlog beywer het, die hoogste lof gehad 'n jaar gelede in San Francisco. Hy, saam met die ander Westerse staatsmanne, het 'n nuwe vriend in Rusland ontdek — 'n beproefde kameraad wat ook vertrou kon word met die vetoreg — **d.w.s. die reg om met sy enkele teenstem alle besluite van die wêreldparlement onwettig en kragteloos te maak.**

Genl. Smuts het reeds diepe berou bely oor hierdie gulhartige vertroue, maar intussen word daar in die wêreldkonferensie nog steeds geworstel om Rusland in liefdesgrepe te omarm. Die Westerse moondhede kan maar nog nie verstaan waarom hul liefdebetuigings so yskoud afgewys word nie. Hulle probeer die oorsaak te ontdek in Rusland se vrees vir agressie. **Rusland het die helfte van Pole geannekseer, die ander helfte onder toesig van 'n Moskouse agentregering geplaas, die Balkan gebolsjewiseer, die Oosseestate ingelyf, moeilikheid in Persië verwek en aansprake in die Middellandse See en Noord-Afrika gemaak net om hom te „beveilig" teen toekomstige agressie.**

## MOEDERLIK

So het die Cape Times 'n week of wat gelede nog in kinderlike welwillendheid teenoor Rusland verklaar dat die grootste moeilikheid in die beredderin van Europa vandag die Russiese „agterdog" is, en dan voeg die blad ewe moederlik as volg daaraan toe:

„Hierdie agterdog, of baie daarvan, is volkome verstaanbaar. Daar is 'n baie goeie rede voor in die geskiedenis van die afgelope 25 jaar."

**Ons wil beklemtoon dat as maar die helfte van hierdie welwillendheid ook teenoor Hitler se Duitsland betoon was toe laasgenoemde herhaaldelik vredesaanbiedinge en voorstelle vir internasionale samewerking gedoen het, sou die wêreld die ramp van die afgelope ses jaar met sy verbysterende gevolge seker geruime tyd gespaar gebly het.** Hitler het in sy Mein Kampf sy ideale omlyn, en selfs sy kwaaiste teenstanders moet vandag erken dat hy streng daarvolgens gehandel het. Daarin het nooit 'n woord van wêreldoorheersing voorgekom nie. **Inteendeel, Hitler het van sy staatstelsel gesê dat dit nie 'n uitvoerartikel is nie.**

**Stalin daarenteen het van die begin af geen geheim daarvan gemaak dat sy stelsel 'n uitvoer-artikel is nie, en hy sê dit vandag nog. Stalin is die leier van 'n wêreldrevolusie, d.w.s. 'n revolusie in elke land, en wat die Westerse moondhede, die Cape Times inkluis, goedelik aansien vir „agterdog" is koelbloedig-berekende politiek.** In April 1924 het Josef Stalin in 'n lesing verklaar dat revolusie in een land alleen niks sal baat nie:

„Dit is daarom die onontbeerlike taak van die oorwinnende revolusie in een land om die revolusie in ander lande te ontwikkel en te ondersteun. Die revolusie in 'n oorwinnende land moet hom dus nie beskou as 'n selftevrede eenheid nie, **maar as 'n hulp en 'n middel om die oorwinning van die proletariaat in ander lande te verhaas".**

In Rusland het die bolsjewistiese revolusie vandag so 'n „hulp en middel" en aan die hoof van daardie land staan Josef Stalin wat nou aansit met die „Drie Grotes" van die westerse demokrasieë wie se omverwerping hy sy lewensplig beskou.

En wanneer Stalin die Balkan-lande en selfs daardie deel van Duitsland wat hy beset, bolsjewiseer, dan is dit in ooreenstemming met sy vroeëre uitlating dat die tydperk van vrede ten volle gebruik moet word „ten einde die kommunistiese partye te konsolideer, hulle te bolsjewiseer, hulle om te skep in egte massa-partye wat ondersteuning vind in die vakbonde . . . . **en om die proletariaat op te voed in die gees van die revolusie en die diktatuur van die proletariaat."**

Die hardnekkige botheid van die Russe op die voorlopige vredeskonferensies in Parys, is bewys genoeg dat wêreldrevolusie nog hul oogmerk is. Vandaar dan ook dat genl. Smuts nou weer sy woorde van 'n jaar gelede begin insluk en liewer van bewapening praat as van vrede. **Ongelukkig is hy nie in staat om ook sy DADE van die afgelope ses jaar in te sluk nie.** En daarom sal dit in die geskiedenis bekend staan dat die leiers van die demokratiese lande met hul dwase oorlogshaat teen Duitsland die grootste struikelblok uit die weg van Stalin gerol het in sy wydverkondigde beleid van wêreldheerskappy — **die diktatuur van die proletariaat.**

**En hierdie waarheid begin die publiek van Amerika nou ook uiteindelik besef nadat hulle hul vir ses jaar lank laat mislei het deur hul pers en staatsmanne — 'n misleiding waarmee die Suid-Afrikaanse pers blykbaar nog volhou.**

# Grondslag van O.B. Beslis Christelik

**As iemand met die Christelike stroom van ons volkslewe nie gediend is nie, dan kan hy sy heil elders soek, want die feit bly nou eenmaal dat die Afrikaners se geloof so deel van sy bloed en lewensbeskouing geword het, dat ook sy nasionale aspirasies daarvan nie te skei is nie.**

Hy glo nou eenmaal dat 'n nasie 'n skepping van God is en dat 'n mens nie met slimpraatjies en „liberale" stellinge aan die struktuur en fondamente van daardie skepping kan gaan skud en grawe nie.

Van hierdie standpunt gaan die Ossewabrandwag uit en hy redeneer nie eens daaroor nie. As leerstellinge fundamenteel teen die Christendom, soos ons dit ken, indruis, dan is dit onmoontlik om te probeer om daardie instellinge „nasionaal" te maak; die volk sal hulle ten enemale verwerp; en dit help nie om die fout by die volk te wil soek nie. Die hand in die eie boesem is dan nodig.

## STAATSPLIG

Maar dit help ook nie dat die leiervolk net sy Christelik-nasionale beskouings beken nie. As leiers het hulle ook die beheer en opvoeding van die nie-leiervolk (veral die naturelle) in hulle hande, . . . . en daarvan moet hulle later rekenskap gee.

Daarom sê die Ossewabrandwag dat hy die plig van die staat sien in die uitskakeling van die anti-Christelike en anti-nasionale propaganda en organisasies in die land en die handhawing van die Christelike lewensstyl in die lewe van ons volk.

Ook moet gesorg word dat die jeug van die volk — die skoolgaande kinders — nie in hulle ontvanklike jong jare, voordat hulle self kan oordeel, besmet word deur kommunistiese leerstellinge van die ideaal van 'n naturelle-proletariaat se diktatuur oor die blankes, en met die woord dat „die Godsdiens maar net die opium vir die massa is", en sulke dinge meer nie, **maar inteendeel dat hulle opleiding deurgaans sal wees in ooreenstemming met die Christelike beginsels van die volk waartoe hulle behoort.**

## BROEIPLEK

Die Liberalisme wat met mooi woorde en verleidelike gebare kom, is maar net die broeiplek vir die anti-nasionale kommunisme en die anti-Christelike ateïsme. Dit bepleit „vryheid" en dan word bedoel nie die vryheid van die volk teen die bande van vreemde volkere of van magte soos die geldmag of wat ook al nie. Nee, by die liberaliste het vryheid 'n afgod van die enkeling geword, die vryheid van die enkeling om te maak soos hy goeddink en soos hy lus het: vry om sy volk te ondermyn, vry om rassevermenging tussen wit en swart te bepleit . . . en te beoefen . . . vry om die geloof van die oningeligte te ondergraaf, vry nie net om self na die afgrond te gaan nie, maar ook vry om andere saam te sleep — selfs om die hele volk saam te sleep!

**Vry — om losbandig in woord, gedagte en daad te wees!**

# O.B.-Beleid

## VRYHEID

As dit vryheid is, dan soek die Ossewabrandwag iets anders. **Ons soek die vryheid om te dien;** om deur volksdiens en sosiale volksorg vir die kinders van hierdie volk 'n beter tuiste te skep as wat hul ouers gehad het. Nie vryheid om die volk ten onder te rig nie.

Vir ons is die hedendaagse „liberalisme" niks beter as die uiterlike mooi appel, met bloesende wange . . . en daarbinne skuil die wurm en die verrotting.

En teenoor daardie soort „liberalisme" stel ons 'n Christelik-nasionale gesagstaat, wat wel vryheid sal waarborg . . . maar dan nie die vryheid van volksvyandige kommunisme onder die oningeligte naturelle nie, maar die vryheid van die mens van God tot alle goeie werk volmaaktelik toegerus.

# TE MIN HULP VIR RANTSOENERING

Daar kan nog geen datum bepaal word wanneer die rantsoenering van voedsel in werking tree nie, het dr. H. J. van Eck verlede week verklaar. Al word die koepons aan die publiek oorhandig sal die rantsoenering nie dadelik kan begin nie omdat die verbruikers nog geregistreer en die voorrade aan die winkeliers oorhandig moet word. Die Direktoraat van Voedsel ondervind tans moeilikheid om voldoende klerke aan te werf. Al sou daar genoeg gekry word, sal hulle eers die werk moet leer.

# Verklaring Van A.N.S. Oor Samewerking

Na aanleiding van die pogings wat in die jongste tyd aan die gang is om 'n nuwe oriëntasie onder die Afrikaner Studenteorganisasies teweeg te bring, het die A.N.S. by monde van sy leier, mnr. W. A. Joubert, 'n verklaring uitgereik wat die hoofpunte van die Bond se beleid vir die naaste toekoms bekendmaak. Dit is onderskryf deur die hoofraad en alle takke.

Met verwysing na die poging om 'n groter studente-eenheid te bewerkstellig word verklaar dat die A.N.S. nog altyd getoon het dat hy te vinde was vir hierdie poging, selfs deur sy grondwet so te formuleer dat besware uit die weg geruim kon word. Dit het egter geblyk dat daar sekere groepe is wat nie tot die A.N.S. wil terugkeer nie tensy die Bond sy ontwikkeling sedert 1933 wil verloën. Die Bond kan sy ideologiese groei nie vernietig nie. Eenheid kan nie op 'n liberale en oppervlakkige basis gevind word nie.

Die A.N.S. is te vinde vir **sameskakeling** op 'n nie-party-politieke basis van alle Afrikaner-organisasies wat suiwer op studente-terrein beweeg. Die A.N.S. wil hartlik saamwerk in enige poging om groter eenheid te bewerkstellig en is bewus van sy eie roeping. „Daarom verklaar ons met nadruk dat die A.N.S. se terrein nie dié van die openbare politieke liggame is nie en dat ons dus vry en selfstandig teenoor **AL** daardie organisasies staan."

# Word Ons 'n Volk Van Vloekers?

**Die gewoonte waarin so baie Afrikaners verval het om hul spreektaal met vloekwoorde te deurspek, word in die jongste nommer van Die Kerkbode veroordeel. Die blad verklaar dat baie persone nie hul eie taal sal ken as hulle dit op skrif sien nie.**

Hierdie swak gewoonte, skryf die blad, kom voor by sakemanne, dokters, wetsgeleerdes, professore, onderwysers, boere „wie se taal eenvoudig deurspek is met vloekwoorde en bastervloekwoorde.

Tussen hulle is daar persone wat die woord „God" gemiddeld . . . . in elke vierde of vyfde sin gebruik, wat beteken dat hulle die woord elke dag van hulle lewe 'n paar honderd maal herhaal."

Die blad verklaar dat die meeste van hierdie mense, maar nie almal nie, hul taal matig in die teenwoordigheid van 'n predikant.

Onder die Afrikanervolk is daar „behalwe die mense wat geen minuut kan praat sonder die gebruik van 'n vloekwoord nie, . . . . 'n aansienlike persentasie wie se taal wel nie so opsigtelik met minder gewenste woorde deurspek is nie, maar wat met die grootste gemak in die wêreld die derde gebod oortree." **„'n Dertig of veertig jaar gelede was 'n vloekwoord uit die mond van 'n vrou iets baie seldsaam; vandag is dit alledaags", aldus Die Kerkbode.**

Die vloekgewoonte het so toegeneem en sulke afmetings aangeneem dat die volksgewete al byna heeltemal verstomp het. As middel tot hervorming word aanbeveel dat die moderature van die Afrikaanse kerke die gewete van die volk wakker skud. Die blad verklaar dat so 'n veldtog nie sal slaag tensy dit 'n saak van erns vir elke Christen is nie.

# Klere Word Skaars

Winkeliers in Kaapstad wat deur Die O.B. genader is, is almal die mening toegedaan dat klerasie in die toekoms nog duurder sal word en moontlik ook skaarser. Hulle ondervind almal dat hul voorrade nie in die bestaande vraag kan voorsien nie.

Dit is vandag haas onmoontlik om 'n klaar gemaakte pak klere in die hande te kry. Nommers wat beskikbaar is, is almal dié wat nie sterk in aanvraag is nie. Een firma wat 'n besending van etlike honderde pakke klere ontvang het, het verlede week nadat hulle een advertensie geplaas het, ondervind dat al die pakke met uitsondering van die groot nommers in een enkele oggend verkoop is. Klerke het verklaar dat hulle al gesien het dat vrouens mekaar vertrap vir sykouse maar nog nooit dat mans mekaar verdring om pakke klere te koop nie.

# Byrnes Word Bang Vir Wraakbeleid

„Die oorlog het wonde gelaat maar ons moet werk om daardie wonde te heel. Ons glo nie in vrede wat op wraaksug gegrond is nie. Ons glo in geregtigheid, liefdadigheid en genade", het James Byrnes, Amerikaanse minister van buitelandse sake, verlede week verklaar toe hy verwys het na die pogings van die Grotes om vrede te bewerkstellig.

Hy verklaar dat die Russe blykbaar nie besef watter twyfel en agterdog hulle by ander lande veroorsaak het deur hul hooghartige, koele en vyandige manier van doen nie.

Byrnes het onder meer gesê dat dit geen geheim is dat die vierledige beheer oor Duitsland, gesien van die standpunt van enige van die vier moondhede, nie goed werk nie. Die land word deur inflasie en ekonomiese verlamming bedreig. Hierdie toestand mag nie voortduur nie. Hy het probeer om die toestand te beëindig en die Amerikaanse militêre verteenwoordigers in Duitsland sal gelas word om met die drie ander regerings in verband met administratiewe sake, finansies, vervoer, verbinding, ens., saam te werk.

„Ons sal òf ekonomiese samewerking tussen die besettingsgebiede verseker òf reguit sê wie verantwoordelik is vir die skending van die Potsdam-ooreenkoms," het Byrnes verklaar.

Hierdie skema van die ekonomiese eenwording van Duitsland soos vervat in die Potsdam-ooreenkoms en soos deur Byrnes op die Paryse konferensie voorgestaan, geniet die gunstige oorweging van Engeland.

## BRITSE BONDGENOOT TEREGGESTEL

Genl. Michailowitch van Joego-Slawië, is verlede week deur die kommuniste doodgeskiet nadat hy „verhoor is op aanklag van samewerking met die vyand". Hy is nog een van die Britse bondgenote wat slagoffer geword het van die kommunistiese suiwering. Die Britse regering het die versoek van talle Britte om terwille van hom in te meng, van die hand gewys. Bevin het dit as 'n huishoudelike aangeleentheid beskryf.

# V.S.A.-Publiek Ontnugter

## Vriendskap Se Gevolge?

Maarskalk Zhukof, Rusland se vernaamste oorlogsheld is deur Stalin na 'n afgeleë provinsiale betrekking afgeskuif. Hierdie maarskalk is volgens die Russiese aankondiging nie die enigste een wat verlaag is nie. Maarskalk Zhukof is bietjie meer as drie maande gelede aangewys as bevelhebber van die Russiese grondmagte en tot die presidium van die Opperste Sowjet verhef.

Dit is bekend dat Zhukof tydens die periode wat hy as Russiese verteenwoordiger in die Geallieerdes se beheerraad gedien het, 'n groot vriend geword het van genl. Eisenhower wat die V.S.A. intertyd verteenwoordig het.

Die vraag wat die Amerikaanse publiek oor die konferensie van die ministers van buitelandse sake hulself afvra, is of die Amerikaanse buitelandse beleid wat gebaseer is op die veronderstelling dat die groot moondhede en veral die Drie Grotes in opregtheid wil saamwerk in 'n poging om vrede te maak, langer van enige waarde is, skryf 'n korrespondent van die Londense Times.

Dit is belangrik, verklaar hierdie korrespondent, dat die Amerikaanse buitelandse beleid simpatiek teen die publieke gevoel moet wees. Die Amerikaanse publiek weier om langer te glo dat die geskille uit misverstand ontstaan het, te wyte is aan die feit dat die Grotes mekaar verkeerd verstaan, het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n onbeweeglike struikelblok en verskil is in die beleid van die Westerse Geallieerdes en die Sowjet-regering.

## RUS VERBAAS OOR HOFUITSPRAAK

'n Rus wat onlangs in Amerika in hegtenis geneem is op aanklag van spioenasie, was so verbaas dat 'n hof 'n mens onskuldig kan vind op 'n ernstige aanklag soos hierdie dat hy ná die uitspraak van die jurie die regter se hand gaan skud en die jurielede bedank het vir die „regverdige verhoor wat ek in hierdie hof ontvang het".

Hy is die Russiese vlootluitenant Redin wat op vyf aanklagte van spioenasie tereggestaan het.

# Russiese Kolos Is Verkleurmannetjie Sê Fransman

Daladier, wat drie keer eerste minister van Frankryk was het verlede week in die Franse nasionale vergadering 'n bitsige aanval op Rusland gemaak onder die vyandige blikke van die Franse Kommunistiese afgevaardigdes, wat 'n poging aangewend het om die verkiesing van Daladier tot die nasionale vergadering onwettig verklaar te kry. Hy is deur die hele huis behalwe die Kommunistiese lede toegejuig.

Daladier het gesê dat hy tydens sy eerste ministerskap elke moontlike toegewing gemaak het om Rusland tevrede te stel. „As daar verraad was, aan wie se kant was dit? Die waarheid is dat Rusland besig was om gelyktydig twee stelle onderhandelings te voer — met ons aan die een kant, en in die geheim met die Duitsers aan die ander kant." Hy het daarop uit Kommunistiese blaaie aangehaal om te bewys hoe die Russiese beleid verander het, eers ten gevolge van die Ribbentrop-Molotof-ooreenkoms en daarna toe Rusland tot die oorlog toegetree het.

## Ryk se Skakels In Gedrang

Die voorsitter van die Britse kamers van koophandel het verlede week verklaar dat opheffing van die Britse voorkeur-beleid 'n ontbinding van die Ryk ten gevolge sal hê. Hy het Ryksvoorkeur beskryf as die „skakels wat die Britse Ryk aanmekaar hou."

In gevolge die leningsooreenkoms van die V.S.A. sal Brittanje binnekort 'n konferensie hou met sy dominiums om te beraadslaag oor die verlaging van Ryksvoorkeur-tariewe. Gemeen word dat dit nog in die loop van die volgende paar maande sal gebeur. Kragtens die voorwaardes waaronder Amerika die groot lening aan Brittanje toegestaan het, sal Engeland moet beweeg in die rigting van afskaffing van voorkeurtariewe.

# Uit Die Week se Nuus

VYFDE KOLONNE: Russiese vyfde kolonnes is steeds besig om militêre geheime in Kanada te versamel. Die bewering dat daar 'n vyfde kolonne in Kanada bestaan wat deur die Russe georganiseer word is gedoen in die finale verslag van die Kanadese Kommissie oor spioenasie. „In hierdie organisasie is daar verskeie spioenringe. Daar is 'n organisasie wat vals Kanadese paspoorte en ander burgerskapdokumente vir die gebruik van die agente verkry", verklaar die verslag.

UNION JACK: As protes dat die Union Jack op die Kanadese vlag aangebring word het honderde persone verlede week in Montreal betogings met vaandels gehou waarop slagspreuke „Kanada is nie 'n Kolonie nie" en „Waarom dan nie 'n bulhond op ons vlag nie?" aangebring is. Hulle kom in opstand teen die besluit van die regering om eerder 'n vlag met 'n Union Jack as die amptelike vlag te erken as een daar sonder. 'n Voormalige lid van die regering het verklaar dat die Frans-Kanadese nooit 'n vlag met die Union Jack daarop sal hys nie.

Kanada het so pas die voetspore van Suid-Afrika gevolg om 'n eie vlag te ontwerp waarin die Union Jack 'n ereposisie toegeken is.

GROOT LEËR: Die Amerikaanse staande mag sal moontlik in die toekoms op 'n getalsterkte van 'n miljoen man gehou word. Dit sal beteken hy vyf keer so groot sal wees as voor die oorlog. Hooggeplaaste amptenare van die Amerikaanse leër het hierdie voorstel aan die Senaat se komitee vir militêre aangeleenthede voorgelê. Daar word verder planne beraam om die getal offisiere in die staande mag van 25,000 tot 50,000 te vermeerder.

MEER BOIKOT: Die regering van Indië het die Unieregering in kennis gestel dat hy besluit het om alle uitvoer van Indië na die Unie en alle invoer van die Unie na Indië te verbied. Sodanige besluit is in die Indiese staatskoerant aangekondig.


WAARDE VIR GELD



„EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

PRYSLYS

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROë WYNE: | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| BRANDEWYNE: | | |
| Eureka .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES:
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars, (EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7155) Newtown

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

Dameshoede . . .
VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY
Steyns
DIE MODEWINKEL PAROW




DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIE-KURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ........................................

ADRES ........................................

Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ........................

Kursus waarin u belangstel ........................

(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoeistiek, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

RETIEF. — Aan Aletta en Johannes 'n fris seun op Donderdag, 4 Julie. Naas die Heer dank aan verpleegsters.

## DOODBERIG

DU TOIT. — Van ons harte weggeskeur, ons dierbare en innig beminde eggenote en moeder, Maria (geb. Holmberg) op 30 Junie 1946, om haar ewige rus in te gaan. Ons is diep ernstig gewond, maar berus in Sy heilige wil. — Ons swaar beproefdes, Eddie en Kinders, Moreen, Johanna en Martin, Brackenfel. 5200

MOOLMAN. — Sag heengegaan aan sy woning te Bergstraat, Swellendam, op die 13de Julie, my geliefde Eggenoot en ons vader, Johannes Zacharias, in die ouderdom van 86 jaar en 5 maande. — Namens die bedroefde Eggenote, Sarah Wilkinson Moolman (gebore Dunn) en kinders, Anna, Paul, Pieter, Miemie, Jan, Tossy. 5199

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## PERSOONLIK

Die Manne- en Vrouekommando's van Heidelberg wens hiermee hul innige deelneming te betuig met Brandwag Willie van Wyk, met die skielike heengaan van sy eggenote en getroue korporale, Maggie.

## BELANGRIK VIR DAMES

**NAAIMASJIENMOTORS:** Dames ons bied te koop aan 'n uitstekende motor wat met enige soort naaimasjien, Singer ingesluit, gebruik kan word. Prys slegs 95/-. Maak naaiwerk 'n plesier. SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: Sparslater. 17/7/2

**DAMES** wil u graag jonk lyk en aantreklik wees? Skryf aan: „LUCILLE," p/a. mnr. S. C. Müller, Derksenstraat 17, PAARL.
LET WEL: Navrae sal slegs oor pos beantwoord word. 17/7/2/B

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige fasse, Romax Snyerspakke. Trick tweestuk rokke. Ook troutabberds word gemaak na mate.

## BETREKKING VAKANT

**BOEREJEUGHOOFKWARTIER.** — Tikster/kantoor-assistente. Moet by tye volle verantwoordelikheid van kantoor kan aanvaar. Kennis of ondervinding Boerejeugwerk aanbeveling. Verstrek bekendstellingsbrief van Hoofkommandant of Generaal en meld ouderdom, kodenommer, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. 5191-2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME** verseker tevredenheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpstuin. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDLELIE-BOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

Mooi gesonde Tafel- en King George-Moere, gemeng. Beide verkrygbaar teen 30/- per sak. Om Julie te plant. Gelewer Mosselbaai-stasie. K.M.B. — JOHANNES TERBLANCHE, Bus 75, Mosselbaai. 10/7/3/B

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR.** — D. S. du Toit, Armoed, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by eie nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

**TRANSPORTDIENS.** — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweiwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe, Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## PLUIMVEE

**PUIK KUIKENS.** — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddelike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

**PLUIMVEE.** — Era Pluimveeplaas bied aan: Opregte B.W.D. en Tifusvry Dagoud R.I.R.- en W.L. Kuikens, teen £6 per 100. Beperkte hoeveelhede teen £10 per honderd. 25 jaar ondervinding. — E. R. ADCOCK, Bus 1134, Pretoria. 3/7/4/B

## MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton geneem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

**RU SUIWER KAROO-KRAALMIS** 14/- per ton. Kontant. V.O.S. Middleton. — T. C. NEL, Golden Valley. 5188/6

Grootvee **KRAALMIS** teen 14/- per ton. Bok- en Skaapmis 11/6 per ton. V.O.S. Blue Cliff-stasie in trokvragte van nie minder as 18 ton. K.M.B. — Y. VERNON, Blue Cliff-stasie, K.P. 24/7/2

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## MEUBELS

**PETRA-MEUBELS BPK.**—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprys. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen kataloguse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## TE KOOP

**BOTTELSKEIE** teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6; draaghoute 5/- een; muilswingels 5/6 een trek; donkieswingels 5/-. Geen K.B.A. KOOS BOTHA, p/s. Serpentine, GEORGE. 5184-4

**BRANDHOUT.** — Blokke van 12 dm. lank; gekloof £12-10-0, ongekloof £11-10-0 per trok met 5 stapels. Langlengtes £10-10-0 per trok gepak van 5 tot 6 vt. hoog. Gelewer V.O.S. Wolseley. Skryf aan mnr. L. J. BIELDT, Meulestraat, WOLSELEY. Foon 24. 5173-5

**BULLE:** Melkras Afrikanerbulle, 2½ jaar oud. Geregistreer en gebrand, suiwer geteel vir 70 jaar. Geteel in die berge. Bekwaam. £25 tot £50. A. L. BEKKER, Klipheuwels, STEYNSBURG. 17/7/4/B

**COLEMAN LANTERNS** 300 Kerskrag, verbeterde model. 58/- elk. Generators 5/2. Skerms 7/3 per dosyn. Tilley Skerms 8/3 per dosyn. Aladdin skerms 2/8 elk. Ekstra per pos. Ons het omtrent alle Coleman, Tilly en Aladdin spaarparte in voorraad. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: „Sparslater." 10/7/2/B

**GRASSNYERS:** 12 duim snit kompleet met graskassie. Vervaardig in Brittanje en ten volle gewaarborg. Prys 92/6. SLATERS, Northstraat, Oos-Londen. Telegramme: Sparslater. 17/7/2

**WINDLAAIERS:** 6 volt Super De Luxe model: £10-10-0; 12 Volt Heavy Duty 225 watts, £21; 32 Volt 500 watt, £38; 6 Volt Dinamo-ankers 47/6; Watermeters 5/-; Batteryknippe 1/10 per paar. Posvry. SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: „Sparslater". 10/7/4/B

**PERDEKAR** in eersteklas toestand, nuut geverf, met motorvere, tevredenheid gewaarborg. Slegs £20-10-0. Asook 'n paar swaar tuie, nog in goeie werkende toestand, sonder tooms teen £4-15-0. C. F. NEL, Karino. 71130/3/B

**TAFEL-AARTAPPELS.** — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

Uitstekende „Melotte" **ROOMAFSKEIER**, 40 gelling groot. So goed as nuut. £12 kontant met bestelling. — Y. VERNON, Blue Cliff Stasie. 24/7/2

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**SAAL.** — Tweedehandse of nuwe „Mexican Cowboy"-saal (groot grootte) goeie toestand. Meld besonderhede en prys. D. NEL, Kromhoek, Halcyondrif, MACLEAR. 17/7/2/B

**MYERS SUIERPOMP,** 1½ of 2 dm. Nuut of goeie tweedehandse. Meld besonderhede en prys aan: FAWN LEAS GARAGE, Fown Leas, Natal.

**KLEIN PLASIE.** 5 na 10 morge, bebou of onbebou (meld watermoontlikhede indien onbebou). Omgewing Bellville, Durbanville of Tierberg. Indien verlang kan ruiling reël met moderne huis in Pinelands. — Skryf aan: XYZ, Posbus 1411, Kaapstad. 5198

## TE KOOP AANGEBIED:

Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £3 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

**W. Voigt (Edms.) Bpk**
**Fabrikante van**
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
**Bus 10 — HUGENOOT, K.P.**

# Geslaagde Funksie Op Goodwood

## *Nuwe Lewe te Bespeur*

Saterdagaand, 13 Julie, het die manne- en die vroue-kommando van Goodwood 'n uiters geslaagde verskeidenheidskonsert in die Goodwoodse Kerksaal gehou. Die stampvol saal het Goodwood se brandwagte besiel met nuwe moed en ywer, en was ongetwyfeld 'n tasbare aanduiding van die nuwe lewe wat in hierdie kommando's te bespeur is. Hartlike samewerking tussen die manne- en die vroue-kommando, asook die hulp van die Boerejeug, was 'n uitstaande kenmerk.

Onder seremoniemeesterskap van waarn. komdt. B. Coetzer het die verrigtings glad verloop, terwyl hfgenl. G. Retief, van Bellville, die aanwesiges verwelkom en 'n paar besielende woorde aan hulle gerig het.

Onder andere het die O.B.-Blaasorkes 'n paar puik nommers gelewer, en gedurende die pouse is daar op die verhoog ten toon gestel 'n versameling artikels wat deur een van ons geïnterneerdes gemaak is tydens sy verblyf in die kamp op Koffiefontein.

Aan die einde van die verrigtings het hfkomdt. Bosman al die deelnemers, asook die aanwesiges, hartlik bedank, en onder O.B.-orkesbegeleiding is die verrigtings afgesluit met die sing van „Die Stem". Hierdie konsert het 'n mooi bedragie tot ons fondse vir 8 Augustus bygevoeg, en ongetwyfeld sal nog 'n sommetjie bygevoeg word met genoemde kommando's se tweede konsert.

# Knoppiesvel Besorg Hoofbrekens

Die Departement van Landbou het nog nie daarin geslaag om 'n entstof te vervaardig waarmee beeste ingeënt kan word om hulle van die gevreesde knoppiesvelsiekte te vrywaar nie. Hierdie nuwe siekte het reeds elke magistraatsdistrik in die Vrystaat en Transvaal besmet. Die verskyning daarvan in die distrik van Paarl, waar reeds 43 eiendomme met die siekte besmet is, en nege beeste beswyk het, het die kongres van die Landbou-unie van die Winterreënstreek wat verlede week op die Paarl gehou is, genoodsaak om 'n versoek tot die Minister van Landbou te rig om onmiddellik stappe te doen om die siekte onder beheer te kry.

Daar word tans proefnemings gedoen met pokkiesentstof, maar amptenare het verklaar dat daar nie positiewe resultate verwag kan word nie. Dit is baie onwaarskynlik dat daar binnekort 'n entstof in hierdie verband ontdek sal word omdat daar so min van die siekte bekend is. Dit het geblyk dat diere wat reeds die siekte gehad het, na twaalf maande weer siek geword het. Dit help ook nie om die diere dood te skiet nie. Ondervinding het getoon dat die siekte weer terugkeer. Amptenare van die Departement van Landbou het verklaar dat die siekte elke jaar sal terugkeer. Die siekte het reeds so 'n omvang in die Paarlse distrik aangeneem dat dit 'n bedreiging uitmaak vir die melkvoorsiening in Kaapstad.

**UITKOMS:** Die knellende droogte wat daar gedurende die afgelope weke in die Wes-Kaaplandse koringdele geheers het, is verlede week deur 'n tydige sagte reën verlig. Daar bestaan alle hoop dat die oes gered is, hoewel die reën nog onvoldoende is.

Dit was een van die droogste Juniemaande in die geskiedenis van die Boland.

**STEENKOOL WORD MIN:** Kaapstad het gedurende die afgelope weke 'n ernstige tekort aan steenkool ondervind. By tye was die toestand so kritiek dat daar 'n versoek tot die publiek gerig is om so min elektriese krag as moontlik te gebruik omdat gevrees is dat die kragstasie nie sal kan volhou met kragontwikkeling nie. Die toestand is nog onveranderd. Die hoeveelheid steenkool wat die kragstasie daagliks bereik, is net genoeg om hom aan die gang te hou.

## VERJAARDAGKETTING

9 JULIE: Gesina Maritz, Claremont; Johny van Wyk, Stellenbosch; Jacobus Coetzee, Dist. Carnarvon; Nic Cloete, Fraserburg; Thys Smit, Malmesbury; Cornelus de Jager, Pietersburg; Maria Froneman, Middelburg; Petronella Swart, Villa Nora; Daniel Niewenhuis, Marnitz; Anna Nieuwenhuis, Marnitz.

10 JULIE: Johannes Blom, Merweville; Anna Jordaan, Sutherland; Jacobus van der Berg, Woodstock; Max Steyn, Karreedouw; Rina Keyser, Loxton; Katriena du Preez, Kirkwood; Una Pansegrouw, Bellville; Wilna de Villiers, Paarl; Martinus Smit, Malmesbury; Hennie Swanepoel, Frankfort; Griesstoffel Strydom, oor P.P.Rust; Catharina du Plessis, Kensington, Johannesburg.

11 JULIE: Julia Vos, Parow; Grieta Lubbe, Marchand; Anna Sutherland, Wilgenhoutsdrift; Anna Henning, Paarl; Daphne Strauss, Frankfort; Anna Kruger, Rustenburg; Dawie du Plessis, P.K. Eloff.

12 JULIE: Jacomina Zwart, Aughrabies; Jean Botha, George; Neeltjie Vermeulen, Fraserburg; Ockert Engelbrecht, Marchand; Anna van Niekerk, Wynberg; Anna Jordaan, Sutherland; Freddie Faul, Wilgenhoutsdrift; Johanna Grobler, Pietersburg; Willem Pretorius, Boshoop; June Roux, Mamagalieskraal.

13 JULIE: Marie Venter, Oos-Londen; Winifred Minnie, Vondeling; Dorothea van Deventer, Bellville; Martha Botes, Loxton.

14 JULIE: Frans van Eck, Beaufort-Wes; Frans Marais, Knysna; Anna Snyman, Merweville; Helena Tredoux, Tiervlei; Kosie Linde, Dist. Mosselbaai; Ockert du Toit, Wellington; Arther Harris, Tiervlei; Dorethea Smit, Witkop; Gielie Tredoux, Malmesbury; Magdelena Smit, Stellenbosch.

15 JULIE: Aletta Lombard, Malmesbury; Jan Nieuwhout, Maribogo; Stefanus van der Walt, Groenpunt, Kaap; Magdelena Buurman, Bethlehem; Reimer Fortmann, Harburg; Andries van Schalkwyk, Philippolis; A. C. Terblanche, Rustenburg; Coert van der Walt, Potchefstroom.

16 JULIE: Wynand Louw, Tamboerskloof, Kaapstad; Nicolaas Swanepoel, Beaufort-Wes; Hilda Kruger, Noorder-Paarl; Augusta Potgieter, Kirkwood; Mariena Viviers, Beaufort-Wes; Martha du Plessis, Maitland; Piet Burger, Brandvlei; Petronella le Roux, Goudini; Herman Louw, Albert; Fanie de Kock, Marchand; Willem Louw, Wilgenhoutsdrift; Anna Brits, Rustenburg; Gerhardus van Zyl, Potchefstroom; E. A. Scheepers, Rustenburg; A. du Preez, Makoppa; Hendrik Venter, Potsdam.

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

*VIR DIE VROUE*

# Was U Graag Skottelgoed?

***Daar is seker nie nog 'n plig in die huis wat so langtand uitgevoer word soos die was van skottelgoed nie. Dis egter grotendeels te wyte daaraan dat meeste van ons so verkeerd te werk gaan. Gee aandag aan die volgende wenke en kyk of u skottelgoedwassery nie baie meer plesierig en tydsparend gaan wees nie. Deurdat ons verkeerd werk, neem die wassery gewoonlik baie langer as wat nodig is en word kosbare tyd onnodig verkwis.***

Dis bereken dat daar in die gemiddelde huishouding 6 ton skottelgoed jaarliks gewas word! Dis dus die moeite werd dat ons aandag hieraan sal gee; selfs al was ons nie self in die reël nie, kan 'n paar wenke die bediende net so goed te staan kom.

**Genoeg Water en Doeke:**

Die eerste essensiële vereiste waarin u moet voorsien is:

Volop warm water en genoeg skoon afdroogdoeke.

As u was- en spoelwater goed warm is bespaar u afdroog tot 'n groot mate omdat warm water baie vinnig verdamp, van die oppervlakte van tafelgereedskap as dit staan om af te drup, en dit dan feitlik nie nodig is om af te droog nie. Die porselein, glas en silwer het 'n mooi glans en die hele wassery is baie meer higiënies as wanneer u was in koue water en dan lank moet sukkel om elke stuk droog en blink te vryf.

Dis gerieflik as u 'n wasbak het met 'n afloopplank aan elke kant — dan sit u die vuil goed aan die regterkant en laat die skoon goed afdrup op die linkerkant. 'n Dubbele bak, een vir was en een vir spoel, is bepaald 'n groot gerief. Dis ook aan te beveel dat u fyn porselyn liefs in 'n papier maché of houtbak was omdat dit sagter is en daar minder gevaar is vir splint en bars met stampe.

**Reorganiseer u skottelgoedwassery:**

Probeer die volgende prosedure:

'n Bietjie tyd spandeer aan die sorteer en voorbereiding van u skottelgoed sal u baie help; doen dit as volg:

Gooi bietjies tee en koffie wat in koppies gebly het, uit in 'n bak.

Vul melkbekertjies met koue water.

Sorteer glasware, porselein, silwerware en messegoed apart.

Sit lepels en vurke in 'n beker warm water en messe apart in 'n beker warm water — been- of houthewwe moenie in water staan nie.

Vee alle stukkies kos uit borde met 'n stukkie gevoude koerantpapier en sorteer nou sorgvuldig al die porselein volgens soort in stapels bymekaar.

Kastrolle en panne word seker die minste graag gewas. Laat vetterige kastrolle en dié waarin suiker gekook is dadelik week nadat dit leeggemaak is deur dit te vul met warm seep- of sodawater, (vee die vetterige kastrol ook maar eers uit met koerantpapier). **Kastrolle waarin melk of eiermengsels gekook is, word gevul met koue water om te week omdat warm water die proteïne stol en dit dan moeiliker verwyder word. As dit gedoen word, sal u vind dat die kastrolle luilself feitlik was en daar vir u nie veel oorbly om te doen nie.**

**Glas en Silwer eerste:**

Nou eers mag u begin was! Sorg dat u 'n bak met warm seepwater en 'n toudoek het om te was en 'n bak warm water vir afspoel.

Glasware word eerste gewas. Glashouers wat melk bevat het moet ook eers uitgespoel word met koue water. Pasop dat die waswater nie té warm is nie want glas is 'n slegte geleier van hitte en daar is dus gevaar vir bars in warm water ('n paar druppels asyn in die spoelwater gee aan glas 'n mooi glans). Spoel af in warm water en **droog af terwyl dit nog warm** is omdat dit dan 'n baie mooier glans het. As u dit egter noodgedwonge in koue water moet was en spoel moet dit heeltemal afdrup voordat u afdroog anders vertoon dit vaal en streperig. Droog af met 'n **linnedoek** omdat dit nie klein veseltjies afgee soos katoen nie ('n ou servet is ideaal!).

Nou volg silwerware, lepels en vurke. U kan dit was in die waswater van die glasware, mits dit nie te vuil is nie. Vryf en was baie deeglik met seep en spoel af in **baie** warm water om 'n mooi glans te gee. Silwer wat daagliks gewas word, hoef nie so dikwels spesiale aandag te geniet nie. Droog deeglik af met baie skoon linnedoek terwyl dit nog warm is.

**Eers die skoonste goed:**

Porselein volg nou. Was die skoonste goed bv. koppies, pierings en desertbordjies eerste, en laaste die vetterige borde en groenteskottels. Gee aandag aan ore van koppies en bekers, groewe in ontwerpe, ens. Was en spoel in goeie warm water en laat afdrup — vir die doel is 'n spesiale draad-afdrup apparaat oor en oor sy geld werd paraat oor en oor sy geld werd. Dis baie goedkoop en sal binnekort seker weer te kry wees.

— maak seker dat u een aanskaf. Daarin kan u porseleinware pak dat hul regop staan en gou afdrup — dit elimineer baie van die afdroëry, heel dikwels met halfnat afdroogdoeke wat gladnie meer vars is nie en dit is juis wat ons so 'n hekel in opwassery gee.

Tafelgereedskap wat met vis gebruik is moet verkieslik apart gewas word, eers in koue en dan in warm water om te verhoed dat dit 'n visruik behou.

Was nou die messe — ons was apart omdat die hout- of beenhewwe nie in die water moet lê nie, ook is hul swaar en skerp en mag ander silwerware krap.

Was en skuur nou die kastrolle en kombuisgereedskap — 'n kastrolborsel met stewige vesels is 'n groot hulp.

**'n Plek vir elke ding:**

Pak alles netjies weg. Bekers en koppies kan opgehang word aan hakies vir daardie doel aangebring in die kombuiskas. Pak borde en pierings in stapels wat egter nie te hoog moet wees nie. Onder geen omstandighede mag borde van verskillende grootte in een stapel weggepak word nie. Hou 'n plek vir elke ding.

**Doeke het son nodig!**

Versorg nou die doeke. Wasdoeke moet deeglik gewas word met seep elke keer as skottelgoed gewas is maar een keer per dag vir afdroogdoeke is voldoende. Hang in son om droog te word. Ten minste een keer per week moet doeke ook uitgekook word; smeer doeke met seep en sit in kastrol koue water. Bring tot kookpunt en kook 5 minute, spoel uit in warm en koue water en hang in son om droog te word.

Die wasbak moet netjies gelaat word — as die skottelgoed skoongevee word van kosdeeltjies voordat u begin was sal die water ook skoner wees en is daar minder gevaar dat die uitlooppyp verstop raak. Was die bak uit en laat 'n goeie hoeveelheid baie warm water deur die afloopyp loop om enige vetterigheid wat in die waswater was en 'n neerslag in die pyp vorm by afkoeling, te verwyder.

Binne 'n paar jaar sal elektriese skottelgoedwasmasjiene seker baie algemeen word in huise maar totdat daardie droom van die huisvrou verwesenlik is moet sy maar die beste maak van hierdie onvermydelikheid drie maal per dag!

# Seremonies By 'n O.B-Huwelik

(Opgestel deur genl. C. Meyer)

**Vir O.B.-paartjies wat graag 'n O.B.-huwelik begeer, kan onderstaande as leidraad dien.**

Ingeval die tradisionele bruidsdrag verkies word, kan die bruid in wit gekleed gaan, die strooimeisies een in groen en een in blou en die blommeisietjies in oranje, almal met bypassende ruikers. Die mans dra gewone pakke.

Om egter aan die huwelik 'n egte O.B.-kleur te gee, kan almal in O.B.-drag gekleed gaan. Die dames dra wit rokke (met nekdoek waar dit Gebied C en D geld) en opslaan-hoede. In die winter kan die rok van dik materiaal gemaak word — net nie fluweel nie — en 'n velthoed kan laat maak word met 'n tuit bol net soos die O.B.-hoed. Die blommeisietjies dra òf witrokkies en hoede net soos die ander, òf die Boerejeugdrag.

Ingeval van hierdie kleredrag word die saluut geneem as die bruidegom die bruid in die kerk ontmoet.

Die mans dra òf gewone pakke òf groen-vaal pak met los sakke en lyfband — met of sonder 'n rybroek en kamaste — òf die drag van die Wag. Almal dra rangtekens.

**Motors:**

Ingeval van eersgenoemde kleredrag word die motor versier met linte in kleure van die O.B.-vlag.

In die tweede geval word net 'n O.B.-wapen of -vlag voorop vasgemaak. Vier of ses Wagte in volle mondering, met of sonder vlae, kan die motor te perd vergesel.

(Vervolg in volgende kol.)

**Voor die kerk:**

Voor die kerk word 'n erewag opgestel. Die wag kan wees: vroue in wit rokke wat op aandag staan òf mans in wagmondering op aandag, òf lede van die Boerejeug in hulle drag — die seuns met O.B.-vlaggies en die dogters met mandjies vol blomblare. Hulle staan een seun en een dogter om die beurt in twee rye.

Die persoon in bevel van die erewag gaan die bruidspaar tegemoet voor die kerk-deur: hy dra die O.B.-vaandel, saluéer, en stap voor hulle uit deur die ereboog tot by die deur waar hy salueer en dan die wag verdaag.

Sodra die bevelvoerende offisier opstap om die bruidspaar te ontmoet, kom die wag op aandag maar die seuns hou die vlaggies omhoog. As die bruid verbystap strooi die dogters blomblare voor haar voete.

**By die Ontvangs:**

Die saal word versier met blomme — in O.B.-kleure — vaandels en vlae.

As die bruidspaar die saal binnekom, word die gaste op aandag geroep en die O.B.-lied gespeel. By tussenposes kan ook O.B.-marsliedere gespeel word.

Die Boere-seuns en -dogters help om die gaste te bedien. Gaste wat O.B.-lede is kom in O.B.-drag.

'n Wag-offisier tree op as seremoniemeester.

As die bruidegom praat, word almal op aandag geroep en daarna word die bruidspaar die massa-saluut gegee.

# Hoed van Glas



**Jeanette Macdonald, die Amerikaanse rolprentster, word hier gesien met 'n glashoed op die kop wat haar man vir haar gekies het omdat hy begin „moeg word het vir die snaakse goed wat sy dra". Die hoed het 'n swart ferweel band om en 'n bos veelkleurige tulpe wat afhang aan die kant.**

## DUURDER GOEDERE UIT SWEDE

Sakemanne wat goedere vanuit Swede invoer, is verlede week lelik ontnugter toe aan hulle meegedeel is dat die waarde van die Sweedse kroner in verkope van 10.77 tot 14.38 gestyg het, en dat by aankope die koers vermeerder het vanaf 16.94 tot 14.52. In terme van Suid-Afrikaanse geld het die kroner met 15 persent in waarde vermeerder. Hierdie verandering in die waarde van die Sweedse geld is nie in Suid-Afrika verwag nie.

## Laat Melk Nie Oorkook

Die gewoonte van melk om op die mees onverwagte oomblik oor te kook, kan te bowe gekom word met behulp van 'n „melkkokertjie". Mev. P. M. van der Westhuizen, pos Saaimansdal, Uniondale, skryf dat sy so 'n kokertjie gebruik wat omtrent dieselfde werk doen as 'n klok aan 'n bosveldbees se nek. Dit is 'n porseleintjie wat vroeër in trippenswinkels te koop was, maar die boom van 'n stukkende melkbeker is net so goed. As dit saam met die melk in die kastrol gesit word, dan begin dit te tik sodra die melk begin kook. Dit trek die huisvrou se aandag sodat sy betyds kan wees om 'n oorkokery te voorkom. Melk met so 'n „kokertjie" in sal ook nie aanbrand nie. Gedurige dekselooptellery om te kyk of die melk al aanstaltes begin maak, word dus oorbodig met hierdie eenvoudige kombuisgereedskappie.

Die kokertjie kan ook gebruik word om konfyt te roer solank dit kook. Aangesien dit die konfyt in beweging hou, hoef dit nie so baie met die hand geroer te word nie.

Ander wenke van mev. Van der Westhuizen is:

**Sykousgaring** kan vergader word deur die bo-soom van sykouse uit te trek. Dit stop baie mooi en fyn.

**Lapwerk:** 'n Mens spaar baie meer tyd om u lapgoed onder die masjien te sit as om dit fyn en netjies met die hand te doen. Om 'n lap vas te spelde in plaas van te ryg, gaan ook gouer.

## 78-Jarige Moeder Dien O.B. In Kommandoraad

**Die oudste en seker een van die getrouste brandwagte, ouma Geldenhuys van die Groot Schuur-vrouekommando, het op 22 Julie haar 78ste geboortedag herdenk. Sy dien, ten spyte van haar hoë ouderdom, op die kommandoraad en is een van die ywerigste brandwagte van hierdie kommando. Sy is hard besig om fondse vir 8 Augustus in te samel deur van haar naald- en hekelwerk te verkoop. Sy woon gereeld alle vergaderings en verrigtings van die kommando by.**

# Moskou Beheer Vakbonde In Alle Lande

## Joodse Amptenare die Skakel

*In een van Stalin se menigvuldige lesings wat hy gehou het oor die beplanning van 'n wêreldwye kommunistiese revolusie het hy die waarde van die vakbonde as organisasies wie se hulp vir die Kommunistiese Party gewen moet word beklemtoon.*

Dit is dan ook 'n algemene verskynsel vandag dat die kommuniste elke vakbond probeer inpalm nie deur aan te sluit as lede nie, maar om die leiding van die vakbonde in die hande te kry deur die sleutelposisies daarin — meestal in die hoedanigheid van betaalde amptenare — te verkry. Dit is dan ook opvallend hoe van die belangrikste vakbonde ook in ons land onder die septer van een of ander Joodse kommunis staan.

Hierdie beleid word uit Moskou aangegee en is geldend vir alle lande. Die Amerikaanse blad Fortune het onlangs 'n artikel bevat waarin op die kommunistiese bedrywighede in Amerika ingegaan word. Daarin word o.a. hul invloed in die vakbondwese beklemtoon wat ver buite verhouding met hul getalsterkte is. Die blad verklaar dat hul wyse van optrede in ooreenstemming met opdragte wat uit Rusland ontvang word, geskied. Dit is die kommuniste wat besluit wanneer gestaak moet word of wanneer 'n staking afgelas moet word.

### FRANKRYK

Dieselfde verskynsel word ook in Frankryk waargeneem. Die blad Time wys daarop dat die Kommunistiese Party aldaar een van die doeltreffendste politieke organisasies in die geskiedenis is. Hoewel slegs een uit elke agt of tien vakbondlede 'n kommunis is, beheer kommunistiese vakbondleiers 30 van die 40 groot nywerheidsvakbonde in Frankryk, waaronder die drie grootstes (staalwerkers, bouers en spoorwegwerkers). Ses van die dertien direkteure van die groot sentrale arbeidsorganisasie is geswore kommuniste terwyl 'n hele paar ander simpatiseerders is.

### HONGARYE

Van die Hongaarse kommunistiese revolusie aan die einde van die vorige oorlog, toe die Jood Bela Kun 'n skrikbewind in daardie land tot stand gebring het, skryf C. Tormay.

„Asof hulle 'n vooraf opgestelde plan uitgevoer het onder 'n onsigbare bevelvoerder, het die Joodse leiers van die vakbonde, die Joodse amptenare van die werkersklubs, die mag toegeëien. Hulle het dadelik hul plekke in die gemeenskapsrade ingeneem en die leiding van sake in hande geneem te midde van die warboel wat hulle self geskep het . . . Karolyi se revolusie is feitlik uitsluitend deur Jode teweeggebring."

Waar die Joods-kommunistiese sekretaresse en amptenare van vakbonde die beheer in hande het, tree tienduisende werkers wat in gewone omstandighede niks met kommunisme te doen sal hê nie, op in gevolge opdragte wat vanuit Moskou gegee word.

Vir hierdie gevaar is die demokratiese staatsmanne blind. Hulle bestee liewer hul energie aan die opspoor en verbanning van Duitsers wat eens op 'n tyd met die gewese Duitse staat gesimpatiseer het.

### O.B.-BELEID

Hierdie Joodse houvas op ons vakbonde is die vernaamste rede waarom die Ossewabrandwag pleit dat daar 'n verskil gemaak moet word tussen egte vakbonde wat die werkers organiseer met eerlike oogmerke om werkersbelange te bevorder, en die propaganda-unies wat onder leiding van kommunistiese propagandiste staan wat die vakbonde net gebruik as ryperde van Moskou. Wat die egte vakbonde betref, sê die Ossewabrandwag dat hulle nie net protes-verenigings moet wees wat die kapitalistiese base gedurig voor die voete val nie, maar hulle moet ingeskakel wees by sowel die landsbestuur as die nywerheidsbestuur sodat hulle ook regstreekse medeseggenskap kan hê oor die aandeel wat hulle neem in die volkswelvaart.

## Lande Tree Op Teen Rooi Organisasies

Kommunistiese vakbonde asook die Kommunistiese Party van Birma is deur die waarnemende goewerneur in die ban gedoen. Dit geskied omdat hierdie organisasies 'n gevaar beskou word vir die staat.

Die Australiese Arbeidsparty het voorgestel dat sy lede nie aan die Kommunistiese Party mag behoort nie. Dit is gedoen na aanleiding van die aandeel wat die Kommuniste in die onlangse vleisstakings in Australië gehad het. Ook Egipte is moeg vir die Kommuniste. Die owerheid het verlede week 160 persone in hegtenis geneem omdat hulle verdink word van ondermynende bedrywighede.

## ONBESKAAFDHEID VAN KOMMUNISTE

Die onbeskaafdheid van die kommunisme kan nie getemper word deur selfs die hoogste kringe waar waardigheid vereis word nie. So is verlede week berig dat die toehoorders in die hof waar die Joego-Slawiese patriot Michailovitch ter dood veroordeel is, in toejuiging uitgebars het toe die doodvonnis uitgespreek word.

Uit Italië word op dieselfde dag berig dat die kommunistiese verteenwoordigers in die wetgewende raad uit hul sitplekke opgespring en lede van 'n ander party met die vuis aangerand het gedurende 'n debat.

## ONTBREEK HUL NIE AAN GELD

Die huidige veldtog van wetsoortreding deur die Indiërs kos hulle £3,000 per week. Hulle ondervind nie 'n tekort aan geld nie, het Choudree, lid van die Suid-Afrikaanse Indiërkongres in Londen verklaar. Hulle het duisende ponde van armes sowel as rykes ingesamel. Hulle is nie van voorneme om nou al buite Suid-Afrika 'n beroep om fondse te doen nie, maar as dit nodig word en Gandhi net praat, sal hulle genoeg geld uit die buiteland kry om vir jare aan te hou. Hy het verklaar dat die tweede fase van die stryd teen die anti-Asiatiese wette in Suid-Afrika nou sal begin.

# Ondergrondse Leër In Pole Word Sterker

**Die ondergrondse oorlog wat in Pole aan die gang is sedert die Rooi leër verlede jaar die land binnegetrek het, het nou tot 'n openlike uitbarsting gekom, berig 'n korrespondent van die Cape Argus. Troepe van die Poolse regering is besig om langs 'n front van 500 myl in pantsermotors op te trek in 'n poging om die Poolse ondergrondse leër uit te roei.**

Op die slagvelde waar die Duitsers en Russe mekaar beveg het en die wrakke van oorlogstuig nog te sien is, veg Pool teen Pool. Regeringstroepe ruk op na die provinsies waar die guerillas volle beheer oor die administrasie het. Om dorpe soos Cracow, Radom en Lublin is daar kordonne getrek en is Russiese geheime polisie besig om elke huis te deursoek vir leiers van die ondergrondse leër.

Die Poolse regering het 'n reeks noodregulasies uitgevaardig waarin 'n aantal politieke organisasies as onwettig verklaar is.

Elke Pool wat lid hiervan bly, is strafbaar met die dood. Persone wat onwettiglik in besit van wapens gevind word, sal doodgeskiet word. Die Poolse regering is van voorneme om alle weerstand te breek.

Die regering tree op omdat hy vrees vir die opkomende mag van die Katolieke en die vrees dat die teenstand wat hulle by die jongste verkiesing ondervind het, aan die toeneem is. Dit is ook bekend dat die ondergrondse leër se krag aan toeneem is.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

# Hul Lot Beslis



Die ministers van buitelandse sake van die vier „Grotes" het in Parys ooreengekom dat Triëst, voorheen deel van Italië, maar 'n hawestad waarop Stalin tans deur middel van sy werktuig Tito (Joego-Slawië) aanspraak maak, geïnternasionaliseer moet word. Die foto toon ontevrede groepies inwoners wat die besluit oor hul lot bespreek. Italië het reeds aangekondig dat hy hom nie sommer gaan neerlê by die besluite van die Grotes nie.




Hierdie tekening verskyn op die omslag van die tweede uitgawe in die Pro Ecclesia-Biblioteek: „SKOORSOEK," deur Danie Stegman, wat in September sal verskyn.

VRA OM BESONDERHEDE

NUWE ROMANS

| | Posvry |
|---|---|
| K. v. d. Heever: Wat Baat Dit Die Mens? | 8/6 |
| R. Hendriks: Ek is Antoinette Duke | 8/6 |
| T. du Toit: Die Bolander | 9/3 |
| A. Coetzee: Aan die End van die Soom | 9/- |
| J. R. L. van Bruggen: Erfgename | 8/6 |
| Gert Fourie: Die Prys van 'n Belofte | 8/- |
| M. S. van Rooyen: Hande wat Genees | 8/6 |
| J. J. Brits: Glans van die Reënboog | 7/3 |
| J. H. Naude: Carnio Cate | 9/6 |

NOU GEREED

'n Lys van Romans wat gedurende die laaste paar jaar verskyn het sal op aanvraag gestuur word.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29 STELLENBOSCH